

Lees **Lukas 5:1-11** en **Johannes 21:1-14.**

Wat is vir jou die ooreenkomste tussen die twee tekste?

Wat is die verkille tussen die twee tekste?

Hoe verskil Petrus se optrede in die tweede gedeelte van die eerste?

Lukas 5 was Jesus se roeping van Sy eerste dissipels en Johannes 21 het aan die einde van Sy bediening, na Sy opstanding, plaasgevind.

LUKAS 5:1-11

Op 'n dag, toe Jesus langs die Meer van Gennesaret staan en die skare Hom verdring om die woord van God te hoor, 2sien Hy twee bote langs die meer lê. Die vissermanne het al uitgeklim en was besig om hulle nette uit te spoel. **3Jesus het in een van die bote geklim, die een wat aan Simon behoort, en hom gevra om 'n klein entjie van die land af weg te roei. Hy het gaan sit en die skare van die skuit af onderrig. 4Toe Jesus klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: "Gaan uit na die diep water, en laat sak julle nette daar om vis te vang." 5"Meester," antwoord Simon, "ons het die hele nag deur geswoeg en niks gevang nie, maar op u bevel sal ek die nette weer laat sak."**

6En toe hulle dit doen, het hulle soveel vis gevang dat die nette wou skeur. 7Hulle het vir die makkers in die ander boot beduie om hulle te kom help. Toe hulle daar aankom, het hulle albei bote so vol gemaak dat dit begin sink het. 8Toe Simon •Petrus dit sien, val hy voor die knieë van Jesus neer en sê: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens."

9Verwondering het hom en almal saam met hom aangegryp oor die groot klomp vis wat hulle gevang het. 10Jakobus en Johannes, Sebedeus se seuns wat saam met Simon gewerk het, was net so verbaas. Jesus het egter vir Simon gesê: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang." **11Nadat hulle die bote op die strand getrek het, het hulle alles gelos en Hom gevolg**.

JOHANNES 21:1-14

1Hierna het Jesus by die See van Tiberias weer aan sy dissipels verskyn. En dit is hoe Hy verskyn het: 2Saam daar bymekaar was Simon •Petrus en Thomas, wat bekend staan as Didimus, Natanael, van Kana in Galilea, *die seuns van Sebedeus*, en nog twee ander van sy dissipels. 3Simon Petrus sê vir hulle: “Ek gaan visvang.” En hulle sê vir hom: “Ons gaan ook saam met jou.” Hulle het uitgegaan en in die boot geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie. 4Teen dagbreek het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dit is Jesus nie. 5Jesus vra hulle toe: “My kinders, julle het seker niks om te eet nie? ” Hulle antwoord Hom: “Nee.” 6 **Hy sê toe vir hulle: “Gooi die visnet uit aan die regterkant van die boot, en julle sal iets kry.” Hulle gooi dit toe uit, en vanweë die groot klomp vis was hulle nie in staat om dit in te trek nie. 7Daarop sê die dissipel, die een vir wie Jesus liefgehad het, vir Petrus: “Dit is die Here!” Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy bokleed omgebind – want sy bolyf was kaal – en in die see gespring**. 8Maar die ander dissipels het met die skuit gekom en die net met die visse gesleep, want hulle was nie ver van die land af nie, net ongeveer tweehonderd el. 9En toe hulle aan land kom, sien hulle daar 'n koolvuur gereed, en vis wat daarop lê, en ook brood.

JOHANNES 21:1-14

10Jesus sê vir hulle: “Bring van die visse wat julle nou net gevang het.” 11Simon Petrus het toe aan boord gegaan en die net vol groot visse op die land getrek, honderd drie-en-vyftig; en hoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie. 12Jesus sê vir hulle: “Kom eet ontbyt!” Niemand van die dissipels het egter gewaag om Hom te vra, “Wie is U?” nie, want hulle het geweet dit is die Here. 13 Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en so ook die vis.

14 Dit was reeds die derde keer dat Jesus aan die dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.



Wat opvallend is in beide tekste is dat die vissermanne dit vir ‘n lewe gedoen het – hulle het geweet hoe om vis te vang, om lank te staan, hoe die wind waai en waar die vis byt. Hulle het reeds al die regte dinge gedoen en hul bes probeer.

Maar toe Jesus hulle vra om dieper en verder en aan die ander kant te gooi, het hulle gedoen wat Hy sê. Stapsgewys. Al het dit nie sin gemaak nie.

Wat leer jy oor absolute gehoorsaamheid uit hierdie verhale?

Absolute gehoorsaamheid vra dat ek getrou my deel sal doen, dat ek Jesus nie net as hulpmiddel sal gebruik wanneer dit sin maak of ek Hom nodig het of in Hom sal glo wanneer dit goed gaan nie – maar in alle omstandighede en myself totaal en geheel aan Sy opdragte en wil sal onderwerp – wat dit ookal van my vra!

Wat dink jy is dit wat jy nou getrou moet doen in jou daaglikse lewe? Waar wou jy dalk opgee?

Gooi jul nette uit! Moenie opgee nie, moenie stop nie, al sien jy nie resultate nie. Moenie dat teleurstelling of struikelblokke of terugslae jou laat moed verloor nie. Probeer nog ‘n keer!

Petrus het in die eerste storie gepleit dat Jesus van hom af moet weggaan toe hy besef wie dit is. Hy het soos ‘n mislukking gevoel.

In sy tyd as dissipel het hy steeds baie foute gemaak en sy rug op Jesus gedraai, maar besef dit moet hom nie terugghou nie. Hy moet dieper en nader aan Jesus – en hy spring toe sommer in die diep water in.

Wat beteken dit vir jou dat Jesus jou roep na ‘n nuwe lewe, met verrassende uitkomste, maar dat dit soms onseker, vreemd voel?



VERTROUE

beteken

GETROU

aan te hou stap

(al maak dit nie sin)

Jesus het die dissipels vry gekoop van skuld en skaamte en mislukking. As jy misluk, of swaar tye beleef, of moeg en afgemat is, hou aan swem en probeer, doen jou deel – “*there is no going back”*.

Het jy al van ‘n fiets afgeval met ‘n paar skrape… en dan weer later opgeklim en aanhou ry? Het jy al baie stywe spiere gehad na ‘n oefensessie, en dan nog ‘n bietjie geoefen om dit los te kry? Een val, seer spiere moet jou nie terughou en van koers af bring nie.



Adobe Stock | #144111171346

Wat is die verskil tussen vlak en diep water? Wat is die verskil in jou geloofslewe?

Ons soek baie dikwels die maklike uitweg. Selfs as ons besluite moet maak, dink ons dat ons God betrek en dat die maklikste uitweg dan sekerlik die beste opsie sal wees. Ons speel in die vlak water waar dit bekend, gemaklik, rustig is en sin maak volgens ons eie maatstaf.

Jesus roep ons na dieper waters – nader aan Hom en in meer vertroue in Hom! En ja, dis soms uit jou gemaksone, onseker, vreemd, verrassend, moeilik en maak nie sin nie! Maar dis wat volkome vertroue is!

Waarin moet jy dalk die Here opnuut vertrou en braaf wees?


Dieper
Wyer

Jesus sê: "VOLG MY." David Platt skryf oor ware volgelingskap:

"Once you come in contact with the God of the universe in the flesh, the Savior King of the nations, the light of the world, and He reaches down into your dead, cold heart and saves you from the clutches of your sin and gives you new life, things are going to look different…when you respond to this ***"me,"*** *when you follow this Christ, everything changes about your life…to leave behind, lay down, abandon everything in your life makes no sense until you realize who Jesus is, but when you realize who He is, when you realize who Christ this King is, laying down, leaving behind, and abandoning everything is the only thing that makes sense."*

Om ‘n ware volgeling van Christus te wees, is nie altyd maklik nie. Dit waarborg ook nie dat jou planne en behoeftes altyd sal uitwerk soos jy gedink het nie. Dit lok juis konfrontasie, frustrasie, struikelblokke uit.

Moenie tou opgooi nie – hou aan om jou net uit te gooi! Gaan dieper, gaan wyer en verder, maar nooit terug nie!

Stap die pad getrou…. en dan… VERTROU!





SEËNGROET

fresh

NES JY IS. WAAR JY IS